
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

BAIE BELANGRIK

Kennisgewing: Ons is so jammer om u in kennis te stel dat ons na al die jare, die Nuusbrief nie meer sal kan pos nie. Dit is a.g.v die onbetroubare posdiens. Baie mense ontvang ook nie hul nuusbriewe nie en dan neem dit ook baie lank voordat dit afgelewer word. Ons het dus geen ander uitweg as om dit per Epos te stuur nie, wat 'n baie moeilike besluit vir ons was.
Ons is baie hartseer omdat ons besef dat nie almal Epos het nie, maar wil net voorstel dat as julle familie of vriende het, julle hul Epos kan gebruik waarheen ons dit kan stuur. Stuur asb. u Epos adresse aan ons.
Indien u van die boeke wil koop kan dit deur "postnet" gedoen word. Die Nuusbriewe van April en Mei sal nog per pos gestuur word, maar vanaf Junie sal dit per Epos wees.
Wees verseker van ons liefde en gebede vir elkeen van julle. Ons waardeer julle ondersteuning en gebede. Baie dankie dat julle verstaan.

VERSTAAN DIE VREES VAN DIE HERE

Die woord wat "die Vrees van die Here" die beste beskryf is "ontsag". Ontsag is die reaksie op 'n openbaring van God. Ek glo dat "ontsag" die enigste gepaste reaksie is wanneer God Homself openbaar, hiermee saam gaan "ootmoedige". 'n Ootmoedige houding teenoor God is ook 'n uitdrukkong van "die vrees van die Here" in ons lewens.

Laat ons na 'n paar voordele van "die vrees van die Here" kyk. Ek glo dat hierdie verse julle baie opgewonde sal maak. Laat ons eerstens kyk na wat God vir die mens sê in Job 28:28: Kyk, die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk, is verstand.
Ware wysheid is onlosmaaklik verbind aan die vrees van die Here. Baie mense dink dat wysheid met die intellek verbind word, bv. slimheid. Dit is egter nie die geval nie, want dit is verenigbaar met dit wat sleg en boos is. Die vrees van die Here is nie verenigbaar met dit wat sleg en boos is nie. Ps. 25:12 gee vir ons nog 'n wonderlike voordeel van die vrees van die Here: Wie tog is die man wat die Here vrees? Hy sal hom leer aangaande die weg wat hy moet kies. Hierdie vers dui aan dat God nie almal leer nie en Hy kies ook nie Sy studente ten opsigte van eksamen resultate nie. Indien hulle nie die vrees van die Here het nie, word hulle nie geleer nie.

Dan vind ons twee verse verder in Ps. 25:14 die wonderlike belofte: Die verborgenheid van die Here is vir die wat Hom vrees, en Sy verbond om hulle dit bekend te maak. As jy die Here

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)
vrees sal Hy Sy geheime met jou deel. Is dit nie wonderlik nie? Jy deel jou geheime slegs met iemand wat jy intiem ken en vertrou.
Spr. 10: 27 sê: Die vrees van die Here vermeerder die dae, maar die jare van die goddelose word verkort. Dit sê nie presies hoe lank jy sal leef nie, maar dat jy langer sal leef as die sonder die vrees van die Here. Dit is iets wat almal beslis sal wil hê.

Spr. 14:26 is een van die wonderlikste verse in die Bybel. Dit is 'n baie kort vers, maar sê soveel oor die vrees van die Here. In die vrees van die Here lê 'n sterk sekerheid... (in Eng. confidence). Dit maak jou nie skugter of swak nie, maar dit gee jou krag. Wanneer jy die vrees van die Here het, vrees jy niks anders nie. Dit is die genesing vir enige ander vrees.
Spr.19:23 is my gunsteling belofte oor die vrees van die Here: **Die vrees van die Here is tot die lewe; en versadig bring 'n mens die nag deur, sonder om deur 'n onheil besoek te word.** Hoe kan iemand so 'n aanbod van die hand wys? Wat my aanbetref is dit die belofte wat ek vir myself wil hê.
Ek kan beswaarlik glo dat God so 'n belofte kon maak. Hierdie selfde belofte kry ons ook in **Spr. 14:27: Die vrees van die Here is 'n fontein van die lewe, om van die strikke van die dood af te wyk, asook in Spr.22:4: Die loon van nederigheid is, die vrees van die Here, is rykdom en eer en die lewe.**

Ons weet nou hoe belangrik die vrees van die Here is, nou gaan ons kyk hoe om dit te ontvang. In Spr.2:1 – 5 kry ons die as en dan verklaring wat aan ons stap vir stap wys om die vrees van die Here te ontvang
My seun, as jy my woorde aanneem en my gebooie by jou bewaar, sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand; ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef, as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die Here verstaan en die kennis van God vind.
Kom ons kyk nou na die voorwaardes, die as, om die vrees van die Here te ontvang.
As jy my woorde aanneem en my gebooie by jou bewaar.

Ontvang God se Woord met respek met 'n houding van oorgawe en gehoorsaamheid. Ontvang dit as die waardevolste skat van jou lewe. Die Hebreeus se woord beteken om iets in die geheime plek te versamel, omdat dit die waardevolste vir jou is.
sodat jy jou oor laat luister na wysheid, jou hart neig tot verstand.
Wanneer iemand met jou praat en jy aandagtig wil luister, sal jy oorleun en selfs jou kop laat sak. Dit is wanneer jy met jou oor luister. Dit beteken ook 'n oorgegewe houding. Jy is reg om te leer.
Ja, as jy na die insig roep, na die verstand jou stem verhef.

Dit toon 'n hart wat toegewy is aan gebed. Passievolle gebed slegs tussen jou en God kan meer produktief wees as 'n openbare gebed.
As jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte.

God plaas nie Sy juwele in die openbaar vir enigeen om dit te vat nie. Hy plaas dit in plekke waar jy daarna moet soek. Dit is hoe jy wysheid moet benader. Soek daarna waar jy dit ook al mag vind.
Nou na die "as" kry ons die belofte, die "dan".
Dan sal jy die vrees van die Here verstaan en die kennis van God vind. Ek dink nie dat die kennis van God ooit geskei kan word van die vrees van die Here nie.

Jes. 11:2-3 sê die volgende van Jesus: en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die Here. En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die Here.

Jy het nie meer kennis van die Here in jou lewe as wat jy van die vrees van die Here het nie. Hierdie vrees kan slegs die Heilige Gees jou leer. Ps. 34:12 sê: Kom kinders, luister na my; ek wil julle die vrees van die Here leer.
Jy mag 'n opregte Christen wees, maar terwyl jy gelees het, het jy dalk besef dat jy baie min van die vrees van die Here in jou lewe het. Jy kan die Here vra om die vrees van die Here vir jou te gee. Hierdie vrees kan jy net leer deur die Heilige Gees. Indien jy dit begeer; bid dan die volgende gebed:

O God my Vader, ek kom na U deur Jesus Christus, my Verlosser. U het in my hart die begeerte geplaas vir die vrees van die Here. Ek vra vir U om my van nou af te lei, te leer en hierdie wonderlike skat van U te gee – die vrees van die Here. In die Naam van Jesus. Amen.

PASSOVER

Passover falls on the 27 March to the 4 April this year, and Jesus was crucified at Passover over 2000 years ago. He is God's Passover Lamb. In fact He was crucified on the exact day, at the exact time and place, as the Passover lambs were being sacrificed at the Temple in Jerusalem. Our God is a God of perfect detail. The Blood of Jesus (who became a living sacrifice), atoned for your sin and mine, and made it possible for us to be forgiven and reconciled to Father God.

I recently read a beautiful account of a Jewish man in the year 1898 who was searching for the truth according to his Jewish belief and customs, and I want to share it with you.

This man attending a Bible Study with his Jewish friends in an attempt to find answers to his quest for truth, said to them: "This week is the celebration of Passover among you my friends, and as I sat here I was thinking how you would be observing it. You will have put away all leaven from your houses; you will eat the matzot (unleavened wafers), and the roasted lamb. You will attend the synagogue services, and carry out the ritual and directions of the Talmud."

"But you forget that you have everything but that which the Lord required of us all. He did not say, 'When I see the leaven put away, or the matzot, or the lamb, or your going to the synagogue….' But His Word was, 'When I see the blood, I will pass over you' (Exodus 12:13). Ah, my friends, you can substitute nothing for this. You must have blood – BLOOD!"

As he reiterated this word 'blood' with great emphasis, his eyes flashed warningly and his hearers quailed before him. "Blood – it is an awful word for one who reveres the ancient Scriptures and yet has no sacrifice. Turn where you will in the Book, and the blood meets you. But seek as you may, you cannot find blood in the Judaism of the present day."

After a moment's pause the patriarchal old man went on: "I was born in the Holy Land nearly seventy years ago. As a child I was taught to read the Law and the Psalms and the Prophets. I early attended the synagogue, and learned Hebrew from the rabbis.

"At first I believed what I was told, that ours was the true and only religion. But as I grew older and studied the Law more intently I was struck by the place the blood had in all the ceremonies outlined there, and equally struck by its utter absence in the ritual to which I was brought up.

"Again and again I read Exodus 12 and Leviticus 16 and 17, and the latter chapters especially made me tremble as I thought of the great Day of Atonement and the place the blood had there. Day and night one verse would ring in my ears: "It is the blood that makes atonement for the soul" Leviticus 17:11.

"God had instructed Moses to proclaim to Aaron, his sons, as well as to the children of Israel: 'For the life of the flesh is in the blood, and I have given it to you upon the altar to make atonement for your souls; for it is the blood that makes atonement for the soul.'

"I knew that I had broken the Law. I knew that I needed atonement. Year after year on that day I beat my breast as I confessed my need of it. But it was to be made by blood, and there was no blood!

"In my distress I at last opened my heart to a learned and venerable rabbi, who told me that God was angry with His people; Jerusalem was in the hands of the Gentiles; the Temple was destroyed; a Mohammedan mosque was reared in its place. So the only spot on earth where we dare shed the blood of sacrifice, in accordance with Deuteronomy 12 and Leviticus 17, was now desecrated and the nation scattered.

"That was why there was no blood. God had Himself closed the way to carry out the solemn service of the great Day of Atonement. Now we must turn to the Talmud and rest on it's instruction, and trust in God and the merits of the fathers."

"I tried to be satisfied but could not. Something seemed to say that the Law was unaltered even though our Temple was destroyed. Nothing else but blood could atone for the soul. We dared not shed blood for atonement elsewhere but in the place the Lord had chosen. So were left without atonement at all!

"This thought filled me with horror. In my distress I consulted many other rabbis. I had but one great question – where can I find the blood of atonement?"

(Vervolg of Bl. 4)

"I was over thirty years of age when I left the Holy Land and came to Constantinople with my still unanswered question ever before my mind, and my soul exceedingly troubled about my sins. One night I was walking down one of the narrow streets of the city when I saw a sign telling of a meeting for Jewish people.

"Curiosity led me to open the door and go in. Just as I took a seat I heard a man say, 'The blood of Jesus the Messiah, His Son, cleanses us from all sin.' It was my first introduction to the message of salvation, but I listened breathlessly as the speaker told how God had declared that 'without shedding of blood there is no remission' (Letter to the Hebrews 9:22)

"He told how that God had given His only begotten Son, the Lamb of God, to die, and that all who trusted in His blood and confessed their sins were forgiven all their iniquities. This was the Messiah of Isaiah chapter 53; this was the Sufferer of Psalm 22.1 had found the blood of atonement at last!"

"I trusted it, and now I love to read the Bible and find in the New Testament how all the shadows of the Law are fulfilled in Jesus. It is His blood that has been shed for sinners. This has satisfied a holy God, and it is the only means of salvation for either Jew or Gentile.

"I had found the blood of atonement: 'Behold! The Lamb of God who takes away the sin of the world!' (John 1:29). His blood I have found to be efficacious for me personally, even to nearly forty years later."

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:

stangerchristiancentre@gmail.com

Ons Bankbesonderhede

Stanger Christian Sentrum,

Eerste Nasionale Bank, 53730091667,

Kode: 220129 (Stanger)

UIT ONS KANTOOR

Liewe familie in Jesus,

Ek en jy moet aanhoudend herinner word aan die feit dat ons liefdevolle Hemelse Vader bewus is van alles wat op ons lewens betrekking het en by magte is om lewe te bring in elke desperate situasie wat ons in die gesig mag staar, wat dit ook al mag wees. Daar is baie keer tye in ons lewens wanneer ons by 'n kruispad kom om belangrike besluite te moet neem.

Dit is in sulke tye dat ons nader aan ons Hemelse Vader beweeg om Sy leiding, genade en barmhartigheid in 'n baie spesiale wyse te soek omdat ons geheel en al van Hom afhanklik is!

Deur sulke tye onthou Sy Woord in Klaagliedere 3 vers 22-24 wat sê:

…….. want Sy barmhartighede het geen einde nie; hulle is elke môre nuut, u trou is groot. Die Here is my deel, sê my siel, daarom sal ek op Hom hoop.

Ek wil graag diè van julle wat in julle tye van groot nood verkeer, julle vertroosting te put uit die bogenoemde skrif gedeelte en om Psalm 21 te onthou:

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou Bewaarder kan nie sluimer nie. Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie. Die Here is jou Bewaarder; die Here is jou skaduwee aan jou regterhand. Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie. Die Here sal jou bewaar vir elke onheil; jou siel sal Hy bewaar. Die Here sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid.

Onthou dat Sy Woord ons nooit in die

steek laat nie, en Sy genade ewigdurend is! Hy sal jou deur dra! Dan is daar die kosbare siele wat probleme in die gesig staar, maar wat nie soos ek en jy Jesus as hul persoonlike Verlosser en Here ken nie, dus weet hulle nie waarheen om vir hulp te hardloop nie.

Ons moet ernstig vir hul verlossing bid. Dit is slegs Vader God wat Sy eie sal beskerm en voorsien in die tye waarin ons nou leef, en die wederkoms van die Here Jesus is op hande!

Ons lees wat die Woord van hierdie tye sê in **Luk. 21:26-28: Mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid. En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.**

Ons Koning kom! Halleluja!
Ek wil julle almal bedank vir julle waardevolle gebede en liefde wat baie kosbaar is vir ons. Wees verseker van ons liefde en opregte waardering vir julle volgehoue ondersteuning, en mag die Here julle almal baie ryklik seën.

Baie Liefdegroete

Meg en die Gebedspan



SKATKIS

Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie (Joh. 1:3).

Enige skepping reflekteer die skepper. Dit vertel ons van die gedagtes en karakter van iemand.

In Gen. 1 lees ons herhaaldelik die frase: Toe sien God dat dit goed was. Sy skepping is 'n refleksie van Sy goedheid. Dit vertoon ook Sy oppermagtige intelligensie (bv. elke berekening om lewe op aarde te laat volhou is volmaak!)

Die skepping gee ons 'n blik op Sy kriatiwiteit, Sy liefde vir kleur en ontwerp, dink net aan die verskeidenheid plante, van 'n vetplant tot 'n verskeidenheid eksotiese rose.

Die skepping leer ons meer oor die geestelike beginsels wat Sy Woord ons meedeel, soos 'n saad wat begrawe moet word voordat dit 'n "nuwe liggaam" kan voortbring, of die metamorfose van 'n wurm na 'n vlinder.

Die skepping demonstreer Sy krag en Sy mag. Dit word gesien in storms en magtige branders!

Volgens die Bybel het ons geen verskonings, want ons het die bewys van Sy teenwoordigheid rondom ons!

Laastens; Hy het vir my en jou geskape. Ps. 139 vertel ons van Sy intieme sorg en kennis van elke detail van elke persoon wat Hy geskape het.

Hy is ons bron, van die begin tot die einde en is al ons verering en lofprysing werd!

…..Maar U het vir My 'n Liggaam berei Heb. 10:5

Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei. Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom — in die boekrol is dit van My geskrywe — om u wil te doen, O God. (Heb 10:5-7)

Jesus was gebore, het gelewe en gesterf in die skadu van die kruis. Hy was altyd daar van bewus, maar nie eenmaal het Hy dit probeer ontduik nie. ELKE DAG het Hy Sy kruis opgeneem. Daar was nie een dag wat Hy gesê het: "Hierdie is nou vir 'n verandering My dag. Ek sal môre weer besig wees met die dinge van My Vader." Daar was nooit enige ondervindings in Sy lewe waarvan Hy kon sê: "Dit is nou myne om te geniet. Die skare moet maar net wag tot dit verby is. Dan sal ek weer tussen hulle beweeg en na hulle behoeftes omsien." Selfs in Sy hartseer oomblikke, kon Hy nie sê: "My eie hartseer is so groot. Dit is darem niks minder as reg dat ek NOU moet getroos word. Laat hulle vir my vertroetel en bedien."
Dit was die nag waarin Hy verraai is, toe Hy besef het dat die tyd aangebreek het, en dat die valse dissipel vir Hom sou verraai saam onder diegene is vir wie Hy bedien het, dat Hy opgestaan het en Sy dissipels se voete gewas het, en gedemonstreer het wat Hy voorheen vir hulle gesê het: **"Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy Lewe te gee as 'n losprys vir baie. (Markus 10:45)**
Moses kon met hierdie gees optree toe hy weggedraai het van die troon van Egipte om hom te vereenselwig met sy broer, 'n vloek van slawe, sodat hy deur lyding vervolging en opoffering vryheid vir hulle almal kon bring. **Deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word, omdat hy verkies het om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê, en die smaad van Christus groter rykdom geag het as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning. (Heb. 11:24-26)**
Paulus het dieselfde vasberadenheid geopenbaar toe hy sy plek in die Sanhedrin verlaat het en by die veragte en vervolgde Christene aan te sluit, sodat hy nie ongehoorsaam sou wees aan die hemelse visie nie, en dat hy vrymaking aan die Heidene sou kon verkondig. Hy het in Jesus se Voetstappe gevolg. DIE KRUIS OPGENEEM, en verklaar: **En kyk, ek gaan nou gebind deur die gees na Jerusalem, en watter dinge my daar sal oorkom weet ek nie, BEHALWE DAT DIE HEILIGE GEES in elke stad KRAGTIG GETUIG en sê dat BOEIE EN VERDRUKKING op my wag. Maar EK BEKOMMER MY GLAD NIE en ek AG OOK MY LEWE VIR MYSELF NIE DIERBAAR NIE, sodat ek kragtig kan getuig vir die evangelie van die genade van God. (Hand 20:22-24)**
Maar om jou kruis op te neem is nie genoeg nie. Dit moet daagliks gedoen word. Dit is maklik om 'n besluit te neem vir Jesus of om 'n besluit te neem om jou lewe opnuut aan Hom te wy – om jou kruis op te neem – daar in 'n roerende diens, maar baie misluk juis daar waar hulle die volgende oggend, of die daaropvolgende geleentheid hulle kruis moet opneem. Christus het nooit vakansie geneem van Sy kruis af nie – Sy kruis het altyd saamgegaan. Hy het wel baie kere in afsondering gegaan om te rus, maar selfs toe het Hy gebuk gegaan onder die swaar las.
Toe Hy by die put in Samaria gaan sit het, was Hy moeg en honger en wou Hy 'n bietjie rus terwyl Sy dissipels in die stad in gaan om kos te koop. Maar selfs toe het Hy tyd en krag

gehad om 'n siel tot redding te lei en 'n beweging te ontketen wat later 'n groot herlewing sou teweegbring wat die grootste deel van Samaria vir God se koninkryk sou inpalm (Handelinge 8). Toe Jesus te staan gekom het voor een van die innigste hartsere wat oor 'n mens se lewe kan kom, die skielike en gewelddadige dood van Sy neef en dierbare vriend, Johannes die Doper, het Hy gemeen om 'n bietjie alleen weg te glip. (Matt 14:13 en 14). Maar die skare het Sy weggaan bemerk en Hom toe selfs gevolg. Toe Hy hulle sien was Hy gevul met meegevoel, Sy eie hartseer vergete, en Hy het Sy kruis opgeneem en voortgegaan om die siekes te genees en in hulle behoeftes to voorsien.
Die kruis was nie 'n ongeluk wat Hom aan die einde van Sy lewe oorval het nie.
Vir die wêreld lyk dit asof dit net daardie donker dag op Golgota was dat Hy Sy kruis gedra het terwyl hulle tussen die skare beweeg het: arm, verag, misverstaan maar, gewillig sodat Hy baie kinders saam met Hom n Sy Vader se glorie kon inneem, steeds het Hy die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was. (Handelinge 10:38)
Dit was nie vir Jesus nodig om die kruis te verdra nie. Selfs op die aand wat Hy gevange geneem is, het Hy gesê dat Hy toe nog tot die Vader kon bid en Hy sou meer as twaalf legioene engele stuur om Jesus van daardie dood te red (Matt 26:53 en 54). Hy 'n Lam sonder vlek of rimpel, het egter na die kruis gegaan want Hy het dit in Sy hart besluit om die Skrif te volbring, en die verlore en sondige mens te red van die dubbele vloeke van sone en siekte. Deur Sy Bloed het daar versoening gekom vir ons sonde en deur die wonde Sy is ons genees. **Die oog gevestig op Jesus – wat VIR DIE VREUGDE WAT HOM VOORGEHOU IS, DIE KRUIS VERDRA HET, die skande verag het. (Heb. 12:2).**
Die wêreld mag miskien nie my en jou kruis verstaan nie. Maar elkeen van ons het ons kruis, deur die Here aangewys, wat ons kan dra of verwerp volgens ons keuse. HIERDIE KRUIS IS NIE SIEKTE NIE. DIT IS NIE DAARDIE ONAAGENAME OMSTANDIGHEDE VAN DIE LEWE WAT OOR ONS KOM OF ONS DIE HERE DIEN OF NIE. Dit is dit wat ons gewillig aanvaar, waarvoor ons iets persoonliks moet opoffer sodat ons aan die Here kan gehoorsaam wees en tot seën vir andere. Het jy jouself dalk in die stilligheid geluk gewens met die wyse waarop jy jou kruis dra, en in werklikheid is jy maar net besig om jouself te bejammer oor jou haglike lewensomstandighede? Het jy gewilliglik op jouself geneem die laste en verdriet van andere, sodat jy hulle kan uitlig en vir hulle tot seën wees, sodat jy redding en verlossing kan bring aan hulle wat dit so nodig het?
Jy mag miskien sê dat jy die Here se wonderwekende krag begeer. IS JY GEWILLIG OM DIE PRYS TE BETAAL? Is jy gewillig om JOU kruis, DAAGLIKS op te neem en Jesus al die pad te volg?
As jy Hom ten volle wil volg, beteken dit dat jy Hom sal moet volg tot by die plek waar Hy gevul is met die Heilige Gees en dan voort na die woestyn – na die ure van vas en gebed, die ure van ongewaardeerde diens en opoffering, die nagte van eensame waak in die gebed. Dit sal beteken dat jy Hom in die tuin in moet volg – die las van 'n verloregaande wêreld moet dra, denkende dat iemand naby saam met jou die las dra, net om uit te vind dat almal reeds slaap. Dan voort na die veroordeling: valse aantygings en onregverdige besluite. Dan na die strafplek: sweepslae, asyn en gal. Jy sal dit nie kan ontwyk nie. Dis deel van die pyn en lyding van die kruis dra.
Jy mag miskien sê: "Dit klink byna asof ek my lewe heeltemal moet prysgee."
DIT IS BESLIS SO. Maar Jesus het Gesê: **"Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, hy sal dit red. (Markus 8:35).**

HIERDIE IS DIE OORVLOEDIGE LEWE – die lewe van MAG! Die lewe van diepe tevredenheid. Die lewe van 'n sekere wete dat jy nie tevergeefs lewe nie! Dit is tog sekerlik elke opoffering werd as ons weet dat ons volg in Jesus se voetstappe en die beloftes van die ewige lewe by die Here sal deelagtig wees!

AS TWEE VAN JULLE SAAMSTEM

As twee van julle saamstem **op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, sal dit hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader daar is Ek in hul midde (Matt. 18:19 en 20).**
Dit spreek vanself dat daar "krag in eenheid" is.

Twee is beter as een... Want as hulle val, kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel. Verder, as twee bymekaar lê, kry hulle warm; maar hoe kan een allenig warm word? En as iemand die een aanval, kan altwee hom teëstand bied; en `n driedubbele lyn word nie gou verbreek nie (Pred. 4:9-12).
Uit **Deut. 32;30** en **Jos.23:10** kom ons tot die slotsom dat **"een kan 'n duisend agtervolg, maar twee tienduisend op die vlug jaag."**

Jesus het 'n rede gehad waarom Hy dit gedoen het toe Hy... **weer sewentig ander aangestel, en hulle *twee-twee* voor Hom uit gestuur het na elke stad en plek waar Hy sou kom (Luk. 10:1).**
God die Vader moes dieselfde rede in gedagte gehad het toe Hy, deur die Heilige Gees, gesê het: **Sonder nou *Bárnabas en Saulus* vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het (Hand. 13:2).**

Ons sien dat die verlamde man *Petrus en Johannes* gesien het in **Hand.3** en deur die krag van hul verenigde geloof het die wonderwerk in sy liggaam plaasgevind.
Ons noem hierdie dinge om aan julle te wys dat waar enige **twee** van julle op die aarde saamstem oor enige iets wat julle vra, dit gedoen sal word vir julle deur die Vader in die hemel.

Ons het die bewys dat dit in baie gevalle waar is waar die slagoffers van 'n siekte nie self die geloof gehad het nie. In sulke gevalle waar **twee saamstem** – nie net in woorde nie, maar in gees – sal die sieke genees. Hierdie is nie nodig vir iemand wat die Woord van God vir homself kan hoor nie. Hy kan sy eie geloof gebruik wat *altyd die beste* is.

Geloof kom deur gehoor en gehoor deur die Woord van God (Rom. 10:17). Gee aandag aan die Woord en verkry jou eie geloof. Duisende mense is al by Christelike byeenkomste van elke soort kwaal genees deur na die Woord van God te luister en te glo.

Enige tyd wanneer jy die Woord van God hoot en aandag daaraan gee, sal jy jou eie geloof hê – die geloof wat jou vry maak! Dit is altyd beter as om op ander se geloof staat te maak.

Daar is egter gevalle wanneer die persoon nie self kan glo nie of te siek is om die Woord te vat of daarna te luister, dan kan twee gelowiges in gebed saamstem, en die belofte is: **dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.**
Dank God vir Sy belofte en Sy belangstelling in ons *fisiese* gesondheid asook ons *geestelike* gesondheid.

Johannes vat hierdie dinge saam in sy brief aan sy vriend Gaius, deur te sê: **Ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat *jy gesond is*, *soos* dit *met jou siel goed gaan (3Joh. 2);*** en Johannes, wat teen Jesus se bors geleun het, het geweet wat die wil van God was.
Christene twyfel nie daaraan dat dit God se wil is om *elke* sondaar te red en te herskep nie, ongeag hulle vervalle toestand.

Dit is ook God se wil om *elke* siek persoon te genees, ongeag hoe sleg hy of sy mag wees. As die lyer na Hom kyk en Sy Woord van Waarheid glo, is **God se will om almal te genees.** Hoe iemand aan God se liefde en meegevoel vir Sy kinders kan twyfel gaan my verstand te bowe, wanneer Hy vir ons rede op rede gee wat bewys dat Hy ons kan genees.

Jy het 'n Bybel se reg om gesond en sterk te wees. Jy mag vra: "Wel, hoe kan een dan *ooit* sterf?" Vir die Bybel is dit baie eenvoudig. Luister na God se voorskrif vir Sy kind se dood: **U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof (Ps. 104:29).**
Dit beteken tog nie dat jy van 'n kanker of enige ander vorm van siekte sal sterf, nie waar nie?

Die **kind van God is verlos** van die vloek van die wet, waarvan 'n deel siekte is **(Gal. 3:13; Deut. 28:58-61).** Die Bybel se standaard vir die dood van God se kind is: **Op rype leeftyd sal jy na die graf gaan, soos `n koringgerf ingebring word op sy tyd (Job. 5:26).**

Dit was hoe Abraham, Isak, Jakob, Moses en nog baie ander gesterf het.